Verwysing: 20210217-1045
Lêernommer: 12/2/11/1
Navrae: Distriksdirekteure

Kurrikulum VOO-minuut: DCF 0003/2021

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulum-ondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs en Prinsipale van sekondêre skole

Onderwerp: Aflewering van *Wenke vir Sukses*-boekies vir 2021 Nasionale Senior Sertifikaat-kandidate

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement het 'n *Wenke vir Sukses*-boekie vir elk van die Wes-Kaap se 2021 Nasionale Senior Sertifikaat (NSS)-kandidate saamgestel om hulle met hul eksamenvoorbereiding te help. Die boekie bevat studiewenke, eksamenwenke, beursinligting, 'n kursusoorsig van alle vakke, vinnige reaksie (VR) -kodes vir telematikavideo's en ander nuttige inligtingstukke.

2. Die boekie moet gedurende die eerste kwartaal van 2021 aan elke graad 12-kandidaat oorhandig word.

3. Buiten boekies vir die kandidate, sal aanvullende boekies per skool **vir elke graad 12-onderwyser** ingesluit word. Distriksamptenare sal die boekies gedurende die eerste kwartaal by alle hoërskole aflewer.

4. Kontak asseblief u distrikskantoor indien die getal boekies wat by die skool afgelewer word, nie korrek is nie. Oortollige boekies moet aan die distrikskantoor terugbesorg word.

5. Ten einde die doeltreffendheid van die hierdie boekies te verseker om kandidate met hul eksamenvoorbereiding te help, word **dit sterk aanbeveel dat onderwysers die inhoud van die boekie met hul graad 12-klasse bespreek** en kandidate aanmoedig om dit te lees.

6. Vorige NSS-eksamenvraestelle en nasienmemoranda kan verkry word by https://wcedonline.westerncape.gov.za/documents/Matric/matric-n/index.html.

7. Prinsipale word vriendelik versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle graad 12-onderwysers te bring.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2021-02-23